jou*leefstyl*

Laat waai . . . en skep nuwe storiemateriaal

Die tegniek van *free writing* beteken dat jy jou verbeelding vrye teuels moet gee – en dan kyk jy wat gebeur.

deur Janie Oosthuysen
janie@skryfgeheime.co.za

Nuwe skrywers is geneig om halsoorkop weg te val en dan blaaie en blaaie vol te skryf. Baie doen dit sonder dat hulle enige idee het waaroor hulle wil skryf – hulle laat waai net.
Maar dis nie noodwendig verkeerd nie. Dis eintlik 'n baie goeie tegniek, solank jy hierdie skryfsels nie as kosbare diamante beskou wat jy terstond aan 'n uitgewer gaan stuur nie. En solank jy nie verwag dat daardie uitgewer op en af gaan spring van blydskap wanneer die koevert op sy lessenaar beland nie. Want die kanse is maar skraal dat daardie skryfwerk hoegenaamd publiseerbaar gaan wees.
Nee, veel eerder moet jy hierdie poging sien as 'n manier om storiemateriaal en karakters te vind en te leer ken.

Aan die begin van my skryfloopbaan, toe ek nog bitter onervare was, het ek met elke nuwe storie duisende woorde geskryf wat nooit in enige van my boeke opgeneem is nie, maar wat my gehelp het om my karakters te leer ken en my storielyn te vind.
Hierdie tegniek staan bekend as *free writing,* wat ek sommer as "laat waai" vertaal. Dit kom daarop neer dat jy jou verbeelding vrye teuels moet gee – en dan kyk jy wat gebeur. Jy skryf so vinnig as wat jy kan, alles wat in jou kop kom, sonder om taal- of spelfoute reg te maak of jou werk te organiseer. Jy skryf tot jou gedagtes opgedroog het en jou hand só seer is dat jy jou pen nie meer kan vashou nie.
Dán eers hou jy op.

Nou bekyk jy jou skryfwerk met 'n kritiese oog. Eers trek jy kringe om alle prikkelende beelde, kernwoorde en -gedagtes. Dan herhaal jy die "laat waai"-proses met elke omkringde woord of gedagte. Spoedig sal jy 'n massa nuwe materiaal hê om te ontgin.
Dan kom die lekker deel, want nou moet jy alles opsyskuif en iets gaan doen wat vir jou plesier gee. Gaan kuier by 'n vriendin, drink 'n bier of gaan stap in die berg. Wanneer jy 'n paar dae later weer na jou skryfsels kyk, sal dit met vars oë wees.
Nóú kan jy die proses met ander prikkelwoorde herhaal, of jy kan die materiaal wat jy geskep het gebruik om daardie toneel of karakter waarmee jy gesukkel het te voltooi of lyf te gee. Of nog beter: jy kan van die idees gebruik om 'n splinternuwe storie te skep.

Janie Oosthuysen is 'n bekroonde Afrikaanse kinderboekskrywer wat sowat 200 kinder-, tiener- en skoolboeke geskryf, vertaal en geredigeer het. Sy is ook as vertaler van die eerste vyf *Harry Potter*-boeke in 2002 met die Akademieprys bekroon.

Het jy enige vrae? Kontak Janie by janie@skryfgeheime.co.za of besoek www.skryfgeheime.co.za.

Wil jy 'n kinderstorie skryf maar weet nie waar om te begin nie? Lees ook die vorige artikels in **jou*wêreld*** in die reeks Skryfgeheime:

Skryfgeheime 1 (Januarie 2010): Hou jou potlood skerp
Dis dáárdie skrywers wat skryf as 'n lewenslange leerskool beskou – 'n ambag wat jy nooit ten volle bemeester nie – wat op die ou end die suksesvolste is, al voel hulle dalk hulle het met 'n agterstand begin.

Skryfgeheime 2 (Februarie 2010): Vergeet van vervelige raksitters
Suksesvolle skrywers weet hoe om hul lesers se sielkundige en emosionele leesbehoeftes te bevredig.

http://www.jouwereld.co.za
jouwêreld e-tydskrif - Maart 2010